

## Die wêreld na 2010

Wêreldwye ekonomiese nuus: Desember 2010

Deur Kevin Lings en Laura Jones, STANLIB ekonome

Met regerings wat geld in die stelsel stort, keer groei terug, maar nie vir ontwikkelde lande

'n Kombinasie van omvangryke fiskale stimuluspakkette en uitvoerige monetêre beleidsrigtings het die meeste ekonomieë gehelp om laat in 2009 en vroeg in 2010 positiewe groei te handhaaf. In sy Januarie-vooruitskouing voorspel die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) dat groei wêreldwyd teen die einde van 2010 4.2% behoort te bereik, wat 0.3% hoër is as wat verwag is.

Tesame met die groei was daar ook opwaartse momentum in wêreldwye handel, sowel as in die vloeï van kapitaal. Marktoestande het ongetwyfeld gedurende 2010 verbeter.

### Ekonomiese groei: 'n Mengelmoes

'n Meer ingewikkelde realiteit word egter deur hierdie goeie wêreldwye syfers verdoesel. In baie van die gevorderde ekonomieë is daar matige groei, terwyl daar in die meeste opkomende en ontwikkelende ekonomieë 'n veel sterker herstelneiging is. Die uiters stadige groei in die gevorderde ekonomieë is eenvoudig nie genoeg om op te maak vir die agterstand wat in die finansiële krisis ontstaan het nie. Die opbrengs vir daardie lande is nou 7% laer as wat die voor-krisis neiging was en na verwagting sal hierdie 'opbrengs-gaping' nog vir baie jare groot bly.

### Verbruikers in ontwikkelde ekonomieë besnoei

Die vernaamste faktor agter hierdie swak vertoning en uitgerekte opbrengs-gaping is die swak aanvraag in die private sektor. In die VSA is verbruikers, wat die ekonomie voor die krisis gedryf het, baie meer ingetoë. In Europa, waar banke 'n sentrale rol as finansiële tussengangers gespeel het, word kredietverskaffing deur die swak banksektor beperk. In Japan het deflasie (geldskaarste) weer kop uitgesteek, wat tot hoër rentekoerse lei en die reeds brose herstel verder belemmer.

### Die groei in opkomende markte is volhoubaar

In opkomende ekonomieë, daarenteen, sal groei na verwagting vanjaar veel sterker wees teen 6.3%. Ontwikkelende Asië is aan die voorpunt met 'n voorspelling van 8.7% vir 2010. Dit lyk of groei nou nie net sterk is nie, maar ook volhoubaar. Terwyl fiskale beleid in 2009 dikwels 'n sentrale rol gespeel het om ekonomiese bedrywighede te ondersteun, is die private aanvraag besig om in hierdie ekonomieë te versterk en sal toekomstige groei derhalwe volhoubaar wees.

### Regeringskuld kan ontplof

In ontwikkelde lande was die vernaamste uitdaging hierdie jaar fiskale konsolidasie. 'n Jaar gelede was daar 'n risiko dat die private aanvraag in duie sou stort, wat tot nog 'n Groot Depressie sou lei. Die prioriteit was derhalwe om fiskale stimulus-programme te implementeer om sodoende 'n katastrofiese depressie af te weer. Dit was deels geslaagd: die aanvraag het nie heeltemal in duie gestort nie en het, hoewel met traagheid, ietwat begin toeneem. 'n Jaar later het die risiko egter van koers verander. Die verlies aan inkomste wat met die verlies in opbrengs verband hou, dreig om 'n ontploffing in regeringskuld te veroorsaak as dit nie in toom gehou kan word nie.

## Opkomende markte staar 'lugblaas' in gesig

Opkomende ekonomieë moet 'n ander stel uitdagings die hoof bied. Die hoër groeivoorsigte en hoër rentekoerse lok 'n groter invloed van kapitaal. Hierdie invloed is basies goed, veral wanneer dit deur groeivoorsigte gedryf word, maar ondervinding het reeds geleer dat dit ook tot groot oplewings en ineenstortings kan lei. Die vernaamste beleidskwessies vir opkomende ekonomieë is dus hoe om hierdie invloede te akkomodeer, met hoeveel geldeenhede toegelaat moet word om te appresieer, hoe om die makro-ekonomiese beleid aan te wend en hoe om makro-versigtige maatreëls, reserwes en kapitaalbeheer toe te pas om oorvloedige ten beste te vermy en terselfdertyd stabiele groei vol te hou.

## Die aanwending van wisselkoerse om groei te stimuleer

Dit is interessant dat die oplossings vir die uitdagings van sowel ontwikkelde as opkomende lande redelik nou verwant is. In gevorderde ekonomieë is fiskale konsolidasie noodsaaklik, maar sal dit waarskynlik 'n ongunstige uitwerking op aanvraag en derhalwe op groei hê. Ten einde hierdie ongunstige invloede teë te werk en groei in stand te hou, sal ontwikkelde lande dalk genoodsaak word om hul geldeenhede toe te laat om te depresseer om sodoende hul netto uitvoere te verhoog.

Dit impliseer weer dat opkomende lande die teenoorgestelde sal doen, naamlik om hul geldeenhede te laat appresieer en netto uitvoere te verminder. Moontlik is dit presies wat opkomende ekonomieë nodig het om groei plaaslik en, by implikasie ook in die res van die wêreld, in stand te hou. In talle lande is dit duidelik in hul eie, regstreekse belang om dit te doen.

In China is daar byvoorbeeld 'n neiging weg van uitvoere, meer in die rigting van binnelandse verbruik: 'n skuif wat sowel strukturele maatreëls vereis om spaarneigings te verminder, as 'n uiters gewenste appresiasie van die geldeenheid.

## Uitdagings vir 2011

Ten slotte bevind ons ons by 'n belangrike nuwe stadium in die krisis. 'n Wêreldwye krisis is afgeweer. Die wêreld ekonomie is besig om in groter mate te herstel as wat ons voorheen verwag het. Dit is goeie nuus. Tog is daar nuwe en ewe groot uitdagings wat hulle nou voordoën. Dit gaan nie maklik wees om in 2011 sterk, volgehoue en gebalanseerde groei te bereik nie. Dit sal nog harde werk vereis, naamlik fiskale konsolidasie, wisselkoers-aanpassings en 'n wêreldwye herbalansering van aanvraag.

*Liberty Groep is 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 ("FATD") (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nóg 'n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nóg 'n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van 'n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.*